

## WEEK 4 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

### 1. ALGEMEEN:

**WÊRELDIBIDDAG VIR VROUE - 3 MAART 2017:** Die land wat hierdie jaar betrokke is by die tema, is die Filippyne - hulle het ***My genade is vir almal*** (*Am I being unfair to you?*), as tema gekies, met Matt 20: 1-16 as teks. Vir meer inligting, klik [hier](#) en om bestellings vir die brosjure te plaas, klik [hier](#).

**'N GELEENTHEID VIR GEMEENTES IN BLOEMFONTEIN OM HUL SENIOR LIDMATE TE BEDERF:** Die bekende sangpaar, **Francois en Elizabeth** het laat weet dat hulle op **Vrydagoggend 1 September 2017** in Bloemfontein beskikbaar gaan wees vir 'n optrede. Hulle wil graag 'n lentekonsert vir Bloemfontein se senior lidmate aanbied. As daar gemeentes is wat sou belangstel in so 'n geleentheid vir hul seniors, asook 'n gemeente met 'n groot genoeg kerkgebou wat moontlik as gasheer-gemeente wil optree, kontak gerus vir Francois op 082 568 0061 – hulle wil baie graag van dié geleentheid 'n heerlike kuier maak. Besoek ook hulle webblad by [www.francois-en-elizabeth.co.za](http://www.francois-en-elizabeth.co.za)



### 2. GEBEURE BY GEMEENTES:

**FEESJAAR VIR NG WINBURG:** Die **oudste NG Gemeente in die Vrystaat word vanjaar 175 jaar**. Die **NG Gemeente Winburg** is in 1842 gestig en hierdie gebeurlikheid gaan op 'n feestelike wyse gevier word. Op **26 Februarie 2017** is daar 'n spesiale gedenkdien en word daar ook 'n heerlike koue ete aangebied met Barend Deysel wat as gaskunstenaar sal optree. Dit word 'n reunie vir alle lidmate en oud-lidmate, Winburgers, oud-Winburgers en alle kennisse wat op die een of ander manier 'n band met die gemeente gehad het of steeds het. Die **erediens begin om 09:30 in die pragtige klipkerk** en die ete word na die diens op die terrein aangebied. Vir verdere besonderhede, asook vir etekaartjies @ R60 per kop, skakel gerus die kerkkantoor op 051 881 0339 (k/u Ma, Wo en Vry tussen 09:00 en 12:00). Besoek ook die gemeente se *Facebook*-blad by [NG Gemeente Winburg](#).



**NG RIETFONTEIN WORD 'N 100 JAAR OUD!:** Rietfontein dink vanjaar terug aan 'n honderd jaar van Christus in aksie in en deur die gemeente. Alhoewel die geboorte van hierdie tweede gemeente in Winburg uiters pynlik was, het die Here in sy onbegryplike genade, hulle reeds vir 'n eeu lank gedra en gebruik, daár waar hulle sy kerk probeer wees. Die gemeente se **verjaarsdagdatum is 31 Mei** en die **partytjie vind op Saterdag 3 Junie 2017** plaas, wanneer hulle die oggend met 'n **Dankfees** vier met allerlei heerlike eet- en drinkgoed, onder andere hulle beroemde pannekoek en sosaties. Die **Saterdag** word daar 'n **konsert** in die kerksaal aangebied. **Pinkstersondag 4 Junie**, is dit 'n **feesdiens** met nagmaal, koorsang en trompetgeskal. Alle belangstellendes word uitgenooi om saam met dié gemeente te kom fees vier. Oud-lidmate kan vir Bertus Celliers kontak by 082 784 9735, of vir Rika by 051 881 0322 (k/u Ma-, Wo- en Vrydagoggende). **As iemand iewers foto's van die NG Rietfontein beskikbaar het, laat weet hulle ook asseblief.**



### 3. ANDER GEBEURE:

**FONDSINSAMELING - BLINDE VERENIGING VAN BLOEMFONTEIN:** Hierdie instansie bied die volgende geleentheid aan om fondse in te samel:

**Dinner in the Dark:**

Eye care - do you?  
DINNER IN THE DARK  
HOSTED BY SOCIETY FOR THE BLIND FREE-STATE  
Date: 03 March 2017 Place: Summerwood  
Time: 18h30 - 19h00 Price: R350 p/p  
For any information please contact our office: 051 447 6904  
Contact person: Magrita de Wet

#### Bestellings vir hartjie-koeksisters:

Hulle bak ook hartjie-koeksisters vir Valentynsdag – die koste is R25 per dosyn. Bestellings kan geplaas word by Magrita of Mariaan by 051 447 6904.



#### 4. KURSUSSE:

**KURSUS OOR DISSIPELSKAP:** "Leef in Kontak met God. Herontdek die vreugde van gemeenskap met God. Leef om God se hart en stem te hoor, God se wil te ontdek vir jou lewe en baie meer." **Dr Francois Carr** gaan die naweek van **17 tot 19 Februarie 2017** hierdie kursus by die **NG Gemeente Hoopstad** aanbied - koste is R200pp. Indien jy belangstel om dit by te woon, kontak vir Zibby op 053 444 1058, of vir Meryl op 082 824 1318.

**BEGINNERSKLASSE IN SESOTHO:** Die **NG Gemeente Langenhovenpark** bied wéér hierdie gewilde **kursus in Sesotho** aan. Dié kursus strek oor 26 weke en die totale koste beloop R2 000pp. Die kursus **begin DV Donderdag 23 Februarie 2017 om 18:30** en vind in die Gemeentesentrum van die NG Kerk Langenhovenpark plaas (in die Kleinkerk). **Registreer asseblief vóór of op Woensdag 15 Februarie om 10:00** - telefonies by 051 446 2225 (k), of per e-pos by [ngklhp@mweb.co.za](mailto:ngklhp@mweb.co.za). 'n Volledige inligtingsblad is ook by die kantoor beskikbaar. 'n Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar vóór, of op Maandag 20 Februarie om 10:00. **Daar is plek vir net 25 studente.** Vir verdere navrae skakel die kantoor by genoemde nommer, of vir Riaan Stander op 051 446 1131, of 082 665 8478.

